Hoofstuk 111

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Abu Lahab se twee hande sal vergaan en so sal hy: Abd-ul-Uzza, wie se regte naam te veel van 'n heidense betekenis het om in die Koran genoem te word, met die bynaam Abu Lahab wat 'Vader van die Vlam' beteken- en verbandhou met die Hel weens sy rooi gelaatstrekke, ingewortelde vyand en vervolger van die Profeet. Toe die Profeet op die berg Safa geklim het en al die stamme van die Koereisj by naam saamgeroep het en hulle gewaarsku het teen die straf op hul ongeloof of heidensheid, want almal was nog nie Moslems nie, het Abu Lahab aggressief teenoor hom gereageer en 'n klip opgetel om hom mee te gooi. (K22:10)

2. Nie sy groot rykdom of sy baie kinders sal vir hom van enige waarde wees nie: want Abu Lahab dink en het tydens die Profeet se oproep gesê dat selfs al is dit wat Mohammed sê waar, hy homself sal red van die pynlike straf van die Oordeelsdag met sy rykdom en sy kinders. Hy is toe ook gou dood nadat hy sewe dae na die Slag van Badr 'n skynbaar aansteeklike siekte opgedoen het, deur die mense verstoot was, alleen gesterf en vir drie dae alleen in sy huis gelê het. Hy is eers begrawe toe die mense weens die reuk sy seuns met skimpe so ver gekry het om arbeiders te huur wat hom sonder seremonie met 'n stok in 'n diep gegroude gat ingestoot en met klippe bedek het.

3. Hy sal binnekort 'n vlammende Vuur binnegaan, tydens die Oordeelsdag.

4. Sy vrou ook, die sondige en bose draer van vuurmaakhout, omdat sy altyd stories aangedra het tussen mense en families wat moeilikheid veroorsaak het soos wat mens hout op 'n vuur gooi om 'n vuur aan die brand te hou.

5. En in die Hel sal sy vasgebind wees om haar nek met 'n tou van gevlegte yster soos die gevlegte tou van palmvesel.

Hoofstuk 112

Die hoofstuk was geopenbaar toe nie-Moslems die Profeet gevra het na die afkoms en voorouers van Allah en waarvan Allah gemaak was

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Mohammed, My boodskapper en Profeet, jy moet sê: “Die waarheid is: Allah is Enig: daar is nie nog iets of iemand soos Allah nie.

2. Allah is die enigste en laaste toevlugsoord wat deur alle mense benodig word, maar Allah benodig niemand nie.

3. Hy het niemand verwek nie, en was deur niemand verwek nie.

4. En daar was nog nooit iets of iemand soortgelyk aan Hom met dieselfde kenmerke, dade en mag in die hele Heelal nie.”